LAERSKOOL KOLLEGEPARK

BELANGRIKE INLIGTING VIR KWARTAAL 3 – 2024

Nuusbrief 4: 01 Augustus 2024

Geagte Ouers/Voogde

Die eerste vier weke van die kwartaal is al verby en ons kan met trots sê dat dit regtig goed gaan met Laerskool Kollegepark.

ALGEMEEN:
Die graad R-bouprojek vorder goed en ons is saam met u opgewonde om die finale produk te sien.
Baie geluk aan ons nuwe prefekte en diensbaarheidspan wat onlangs verkies is.

PERSONEEL:
Ons verwelkom vir Mev. A. van Wyk, wat nou deel is van ons kantoorpersoneel, asook Mev. E. Uys wat in Mev.Y. Engels se klas gaan aflos in die tyd wat sy met kraamverlof gaan.
Juf. Louw het met vervroegde pensioen afgetree en ons wens haar alles wat mooi en geseënd is toe. Geniet die aftrede.

PRESTASIES BEHAAL OP SPORT-EN KULTUURGEBIED:
Die krieket-,hokkie- en landloopligas is aan die gang en die kinders oefen baie ywerig.
Baie geluk aan die volgende leerders wat besondere prestasies in krieket behaal het: Zaiden Barkley (Sedibeng o.9), Kyle Jacobs (Sedibeng Uitnodigingspan o.9), Markus vd Berg (Sedibeng o.10), Rossouw Toerien (Sedibeng o.10), Danelle Dreyer (Sedibeng o.10), Johanru Fourie (Sedibeng o.11), Heinrich du Plessis (South Area Team o.12), Reinhard Verster (Sedibeng o.13), Divan Dreyer (Sedibeng o.13), en Logan le Roux (South Area Team o.13). Op rugbygebied wens ons graag die volgende seuns geluk, hulle is gekies vir die Valke rugbyspan: Junior Motoedi (o.12), Reghardt Mc Geer (o.12), Lesego Maloisane (o.13) en Bernard Bezuidenhout (o.13). Baie geluk aan Udia Grobler in graad 2 wat eerste in die ATKV-Redenaars Gauteng-Wes streek geëindig het. Sy dring deur na die landsfinaal wat op 12 Augustus plaasvind. Dit is voorwaar ‘n uitsonderlike prestasie. Kollegepark is trots op jou!

INSKRYWINGS VIR 2025:
Die aanlyninskrywings vir graad 1-leerders is reeds oop. Die sluitingsdatum is 12 Augustus 2024. Indien u nog nie geregistreer het nie, moet u dit so spoedig moontlik doen om teleurstelling te voorkom. Kontak gerus die skoolkantoor indien u enige navrae het.

SKOOLDRAG:
Die leerders mag vanaf Maandag 2 September weer begin somersdrag aantrek. Leerders mag dan weer op Vrydae hulle “feeshempies” en swart kortbroek aantrek.

Ons gee ‘n paar belangrike datums aan u deur.

Sportaangeleenthede tot en met 30 September:

- 01 Augustus: o.11A- en B-krieket vs Vryheidsmonument
- 01 Augustus: 1ste span Hokkie vs DF Malherbe
- 02 Augustus: Mini-hokkie te Vaalrivier
- 02 Augustus: Landloop: Liga
- 03 Augustus: Krieketdag te Handhawer
- 05 Augustus: o.11 Hokkie vs Eligwa
- 06 Augustus: o.13A-en B-krieket vs Fonteine
- 07 Augustus: Mini-hokkie te Emfulenipark
- 07 Augustus: Krieket: Sedibeng vs Fezile Dhabi
- 08 Augustus: o.11A-en B-krieket vs Fonteine
- 08 Augustus: 1ste span Hokkie vs Eligwa
- 10 Augustus: Mini-hokkie te Midvaal
- 12 Augustus: o.11 Hokkie vs Emfulenipark
- 13 Augustus: o.13A- en B-krieket vs Vaalpark
- 14 Augustus: Mini-hokkie te DF Malherbe
- 15 Augustus: o.11A- en B-krieket vs Vaalpark
- 15 Augustus: 1ste span Hokkie vs Emfulenipark
- 16 Augustus: Mini-hokkie te Totius
- 16 Augustus: Krieket Super 6’s
- 16 Augustus: Landloop: Distrik
- 17 Augustus: Mini-krieket te Voorwaarts
- 17 Augustus: Krieket Super 6’s
- 19 Augustus: 2de span Hokkie vs Eligwa
- 20 Augustus: o.13A en B-krieket vs Risiville
- 22 Augustus: o.11A- en B-krieket vs Risiville
- 24 Augustus: Landloop Super 12
- 24 Augustus: Mini-krieket te Handhawer
- 24 Augustus: Krieket Sedibeng vs Gauteng West / South Area vs Gauteng West
- 26 Augustus: o.11 Hokkie vs Curro 2
- 27 Augustus: o.13A-en B-krieket vs DF Malherbe
- 29 Augustus: o.11A en B-krieket vs DF Malherbe
- 29 Augustus: 1ste span Hokkie vs Curro 1
- 30 Augustus: Kollegepark mini-hokkiedag
- 31 Augustus: Mini-krieketdag te Republiek
- 31 Augustus: Krieket Sedibeng vs SOR / South Area vs SOR
- 31 Augustus: Landloop: Gauteng
- 2 September: o.11 Hokkie vs Vaalpark
- 2 September: 2de span Hokkie vs Vaalpark 2
- 3 September: o.13A- en B-krieket vs Midvaal
- 5 September: o.11A- en B-krieket vs Midvaal
- 5 September: o.13 Krieket 20/20 toernooi

- 5 September: 1ste span Hokkie vs Vaalpark
- 6 September: o.13 Krieket 20/20 toernooi
- 7 September: Mini-krieketdag NWU-KFC
- 7 September: Krieket South Area vs JHB North
- 9 September: o.13 Krieket 20/20 toernooi.
- 9 September: 2de span Hokkie vs Fonteine
- 10 September: o.11 Krieketliga Semifinaal
- 12 September: o.13 Krieket 20/20 toernooi.
- 12 September: o.11 Krieketliga Semifinaal
- 13 September: o.13 Krieket 20/20 toernooi
- 14 September: Dogterskrieket: Super 12
- 14 September: Krieket Sedibeng vs JHB North
- 16 September: o.13 Krieketliga Semifinaal
- 19 September: o.13 Krieketliga Semifinaal
- 20 September: Krieket: Gauteng Festivals neem aanvang tot 23 September
- 27 September: Landloop: SA's
- 28 September: Landloop: SA's

Kultuuraangeleenthede tot en met 30 September:

- 05 September: Revue Kleedrepetisie
- 09 – 10 September: Revue
- 16 – 18 September: Revue

Ander:

- 02 Augustus: Gr.3 Koekverkoping
- 02 Augustus: Kollegepark Gholfdag
- 16 Augustus: Haarinspeksie
- 23 Augustus: Gr.7-Entrepreneursdag
- 30 Augustus: Lentedag
- 06 September: Koekverkoping graad 7
- 06 September: Haarinspeksie
- 11 September: Gr.6: Wag 'n Bietjie Kamp
- 18 September: Fotodag

Baie dankie aan al die ouers wat reeds **skoolfondsverpligtinge** nagekom het. Graag herinner ons u aan die intreeskoolfonds van R400 per leerder wat reeds betaal moes wees en doen ons 'n vriendelike, tog ernstige beroep op ouers om wel skoolfonds betyds te betaal.

Groete

Mnr. C.F. Herbst